StatieSkinner

VOLUME 1 2006

REDAKSIONELE BABBEL

Welkom by die eerste uitgawe van StatieSkinner. Die (amper) amptelike nuusbrief van Transvaal Staatmakers.

Hierdie nuusbrief kan nie voortbestaan sonder jou bydrae nie. Stuur 'n artikel in oor wat jou groep gedoen het, wat julle gaan doen, of wat julle beplan om te doen in 2006. Ons kort ook oorspronklike en persoonlike aanhalings om te publiseer.

Lees hier wat doen ander groepe, en steel hulle idees.

Briewe aan die redakteur is altyd welkom. Trap ons uit, wys die spelvoute uit, of sê hoe oulik ons is. (Mens kan dit nooit genoeg hoor nie...) Ons het dik velle, ons kan dit vat!

In hierdie uitgawe begin VAN TOEKA TOT NOU, 'n reeks onderhoude met oud-staties om te sien waarmee hulle hulself deesdae besig hou.

Nou ja, groete tot volgende keer!

Magda

Die Redakteur
Magda de Jager
maggiedj@telkomsa.net

NK: Staatmakers
Gys le Roux
083 453 3855

Gebiedskakeldraer
Ranya de Wet
084 764 9484

Spesiale Projekte Komitee (SPK)
Gerard de Kamper
082 841 6851

Gebiedskantoor
Lovaine Gouws
(012)430 3914

INTERSTATIE 2006

80'S SONSKYN RUGBY BRAAIVLEIS

So wat onthou jy van die 80's ? Protes, Oproer, PW se vinger innie lug. Omies wat Queen se songs agteruit speel en jou vertel dat dit 'n boodskap is.

Ja die 80's - ONTHOU JULLE DIE KUIWE!! Daai lang sliert kuif, die Stovepipe skoolbroeke, pienk vierkantige plestiek oorbelle, Madonna wat haar bra buite oor haar T-shirts dra, en die eerste keer wat iemand vir jou verduidelik het wat dit beteken toe sy hygend sing: "Like a Virgin"

Dit was 'n funnie tyd, maar tog baie spesiaal, dit was die tyd wat ons grootgeword het, die einde van 'n era.

Die Voelvry toer in '88 en '89. Houtsok, 'n Vrye media, die einde van sensuur, die geboorte van die eerste Afrikaner geslag wat die oogklappe kon afgooi en vir homself begin dink en praat. Die eerste Voortrekker Jeugberaad was in 1990.

Vir INTERSTATIE 2006 het ons gedink dat ons die tema gaan grond in die 80's die goeie onthou en herdenk, en lekker lag en huil oor die slegte.

Ons beplan lekker 80's rugby en kerkbasaar parties, tjoep-ry in die rivier en kuier om 'n vuur.

INTERSTATIE 2006 - VIR VOORTREKKERS WAT WEIER OM GROOT TE WORD!

Pos beskikbaar vir Mode- Skoonheids- en Sosiale redaktrise (of redakteur)

Stuur kort CV, vol lengte foto en 100 woorde paragraaf oor jouself na maggiedj@telkomsa.net

Kennis van die beste skoonheidsalon in Transvaal sal in jou guns tel.

KENNISGEWING

Bekkige Briewe is StatieSkinner se eie briewe kolom. Ons het jou briewe dringend nodig!
Sê jou sê en maak lawaai - moet net nie jou bek hou nie!

DAGBOEK

Januarie - Maart

3-5 Februarie
Incendo Grotkamp
082 345 2368

24 Februarie
Transvaal Staatmaker Bestuursvergadering
083 431 3425

3-5 Maart
Interstatie
082 388 1358

Onbesproke Spreuk

- CJ LANGENHOVEN

As jy jou verbeel dat jy gelukkig is, is jy gelukig.

VAN TOEKA TOT NOU

Hierdie is die eerste in 'n reeks onderhoude met oud staties. Ons gaan bewys dat staties koning kraai, ook later in hul lewe. Ons korrespondent het op die Vorie-saamtrek met Zandra Machin gesels.

Waar was jy 'n Staatmaker?

President Staatmaker Kommando in Bloemfontein.

Hoe lank was jy 'n Staatmaker?

Vier jaar

Wat onthou jy van Staatmaker-wees?

Die kampe. Ons het ook baie toere onderneem, soos byvoorbeeld Namibië toe wanneer 'n Staatmaker konferensie daar aangebied word.

Waarna verlang jy?

Die maatskap.

Wat het intussen met jou gebeur?

Ek het begin werk, en 'n span geneem as offisier. Ek het toe ook verhuis.

Waar is jy deesdae betrokke by Die Voortrekkers?

AOL: Admin van Oord Pretoria Oos; AKL: Admin van Garsvallei; Kampsekretaresse van verskeie kampe, onder andere Jakaranda P/D kamp, Seejol en Voorslag P/D kamp. Ek het ook 'n verkenner span.

Wat van jou vriende van Staatmaker-dae af?

Ek het van hulle al weer raakgeloop op Voortrekker geleenthede.

Wat doen jy in jou persoonlike lewe?

Verdien 'n salaris en slaap!

Wat was jou grootste sukses as Staatmaker?

Ek was kommando sekretaresse van PSMK. Ek het ook tydens Die Voortrekkers se 60jaar feesvieringe in die Vrystaat as Parade-offisier opgetree. Dit was 'n groot voorreg.

Wat was jou grootste sukses as Voortrekker?

Dat ek nogsteeds hier is! My sukses is inkrementeel. Daar is elke jaar bietjie-bietjie hoogtepunte. Dit was heerlik om 'n bydrae te kon lewer tot dieVPD toetsing. Ek geniet ook opleiding, om my kennis op 'n kreatiewe manier met ander te deel.

Spesiale Projekte Komitee

Wat kan jy my vertel?

Die SPK is in 2005 gestig na 'n Transvaal Staatmaker bestuur besluit. Gerard de Kamper is aangewys as die voorsitter van die SPK. Andries Saaiman en Willem Scholtz is die enigste ander permanente lede van die komitee.

In Augustus 2005 is die SPK genader om die staatmakers se deelname aan die VAT feesvieringe te organiseer. Afrikaans is 80 jaar al 'n onderwystaal op Tukkies se kampus.

Drie dae lank is 'n stalletjie beman en meer as 1000 pamflette is uitgedeel deur staatmakers. Meeste van die terugvoer wat ontvang is was baie positief. Dit dui daarop dat daar 'n groot belangstelling in Die Voortrekkers op kampus is.

Na 'n universiteit bestuursbesluit kan 'buite groepe' nie meer deelneem aan die Tuks JOOL optog nie. Daarom is JOOL vir Transvaalse Staatmakers gekanseleer...net vir 2006!

Die SPK het dadelik begin soek na ander projekte om hierdie groot leemte te vul. Meer inligting hieroor sal later uitgestuur word.

Die SPK het besluit om nog twee permanente lede aan te stel. Enige staatmaker wat toegewyd en pligsgetrou is kan aansoek doen. Stuur 'n 200 woorde motivering saam met 'n foto aan Gerard de Kamper of Willem Scholtz. Na die volgende SPK vergadering sal die name van die nuwe twee permanente lede bekend gemaak word.